Koördinaat

NWK Bedryfsinligtingsblad • Nr 38 • September 2011

In dié uitgawe

2

Goeie resultate

5

Ontmoet vir Mendus

6

Beplan betyds

8

Wen 'n skottelbraai

NWK se hart klop warm

Heelwat skole in die Noordwes Provinsie se leerders gaan gebuk onder moeilike sosiale en ekonomiese omstandighede. Mnr Samuel Nkone, 'n afgetrede onderwyser wat ook bestuurder van die Departement van Onderwys se Lichtenburg-gebiedskantoor was, ken die kinders se omstandighede goed.

Samuel het met 'n inisiatief vorendag gekom en NWK genader om aan dié kinders hulp te verleen deur die skenking van skoene, kouse en 'n mussie.

Tydens die direksievergadering in November 2010 is 'n NWK-model vir Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid goedgekeur, wat vanjaar gestalte begin kry. Dié model vir NWK se volhoubare KMV-beleid is gebaseer op die verhouding tussen drie belangrike aspekte, naamlik:

- NWK se raamwerk vir konsekwente en volhoubare betrokkenheid;
- NWK se oordeelkundige gemeenskapsgeoriënteerde spandering; en
- NWK se verbintenis tot en samewerking met plaaslike gemeenskappe om hul op te hef en volhoubaar te verbeter.

Die skoolklere-projek ressorteer binne hierdie beleidsraamwerk en daarom is dié projek van stapel gestuur. In samewerking met die Lichtenburg-gebiedskantoor is skole in NWK se bedieningsgebied geïdentifiseer wat by hierdie projek baat sou vind. Die skole strek oor 'n wye gebied en sluit skole van Coligny, Bakerville en Itsoseng in. 317 leerders van die Tirelo Primary School, Naganasentle Primary School, Treasure Trove Public School, Carlisonia Primary School, Turflaagte Primary School, Rrapoo Primary School, Boiteko Primary School, Maokaneng Primary School en Dingake Primary School, het elk 'n paar skoene, kouse en 'n mussie met dankbare harte ontvang.

Lees meer oor ander projekte op bladsy 7 in hierdie uitgawe.

Die leerders is baie dankbaar dat hulle 'n gedeelte van die winter warmer skool toe kon gaan.

Volume-groei dra by tot goeie resultate

NWK het voordeel getrek uit volume-groei deurdat die grootste mielie-oes sedert die 1993/1994-produksieseisoen die afgelope seisoen by NWK silo's gelewer is.



Die NWK Jaarverslag is reeds aan aandeelhouers uitgepos.

Die oesvooruitsigte vir die 2010/2011-produksieseisoen lyk ook belowend. Produsente behoort, met die hoër graanpryse, in 'n posisie te wees om redelike winste te realiseer. Groter klem is op die vordering van debiteure geplaas en die vlak van agterstallige skuld van produsente het binne gestelde doelwitte gerealiseer. Voorraadbestuur het ook die nodige aandag geniet en met beter winsgewendheid en 'n afplatting in kapitaalspandering, is 'n positiewe kontantvloei van R116 miljoen gerealiseer.

Die investering in die hoenderbedryf is voltooi en die verpakkingsaanleg by Noordfed word eersdaags in bedryf gestel. Die nuwe veevoerfabriek in Botswana is reeds in bedryf en hierdie kapitale spandering behoort in die komende jaar 'n groter bydrae tot die groepwins te lewer.

Die verdienste op ekwiteit was 9,1% en indien die addisionele belasting van R53,1 miljoen buite rekening gelaat word, is die opbrengs 13,7%. Die netto batewaarde het gestyg tot 820,3 sent per aandeel. Aandelepryse in NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het sedert die begin van die finansiële jaar onderskeidelik met 16% tot R4,60 en 56% tot R4,20 gestyg.

Met die skuif van NWK se jaareinde na 30 April is die oorsigtydperk veertien maande. Syfers is dus nie sonder meer vergelykbaar nie, maar nietemin het NWK, ten spyte van stram ekonomiese toestande in sekere sektore, 'n goeie jaar beleef.

NWK Beherend Beperk en NWK Beperk se Algemene Jaarvergadering van 2011 vind op 16 September om 09:00 in die NWK-Opleidingsentrum op Lichtenburg plaas. Vir meer inligting skakel Sekretariaat by (018) 633-1158.

Bedrog benadeel ook ander

Versekeringsbedrog is aan die toeneem en het 'n geweldige negatiewe effek op die korttermynversekeringsbedryf. Voorvalle van bedrog wissel van 'vals' eise wat ingedien word tot 'opgeblaasde' eise waar 'n eiser reken dat terwyl 'n eis ingedien word ná 'n inbraak, hy sommer 'n eis kan insit vir daardie duur kamera wat hy nog altyd wou hê, want wie sal tog weet.

Die werklikheid is egter dat alle versekerdes deur sulke dade benadeel word deurdat:

- Premies verhoog word; en
- Meer beperkende vereistes daargestel word deur versekeraars.

Die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging doen 'n beroep op die publiek om saam te werk om misdaad/bedrog hok te slaan en dit by die bedroglyn aan te meld. Heelwat suksesse is reeds behaal en vir die drie maande periode vanaf November 2010 tot Januarie 2011 is 'n totaal van 429 voorvalle aangemeld waarvan 33 vir korttermynversekering was. Sedert 2002 is daar reeds 936 klagtes vir korttermynversekeringsbedrog ontvang.

Klagtes kan aangemeld word by 0860 002526 of *insurance@fraudline.co.za.*

Direkteure word herkies

Die ampstermyne van mnre CF van Niekerk (wyk 6), H Krüger (wyk 8) en FJ Nel (wyk 9) verstryk vanjaar na afloop van die Algemene Jaarvergadering van NWK Beherend Beperk. Mnre Van Niekerk, Krüger en Nel het hulleself weer verkiesbaar gestel vir 'n verdere ampstermyn en is die enigste persone wat ten opsigte van wyke 6, 8 en 9 genomineer is.

Ten opsigte van wyk 11 sou wyle mnr JF van der Merwe se ampstermyn as direkteur ook na afloop van die Algemene Jaarvergadering verstryk het. Die Direksie het besluit om dié vakature nie te vul nie en om die aantal wyke na 10 te verminder deur wyke 10 en 11 saam te voeg (nuwe wyk 10). Daarmee saam word die aantal NWK Beherend Beperk-direkteure ook na 10 verminder en sal mnr JJ du Preez (wyk 10 se bestaande wyksdirekteur) voortaan as direkteur vir die saamgevoegde wyke optree.

Die drie genomineerde persone sal tydens die Algemene Jaarvergadering van NWK Beherend Beperk as verkose verklaar word.

Toekennings plaas klem op veiligheid

Die jaarlikse evaluasie van al NWK se bedryfspunte en filiale se beroepsveiligheid is onlangs deur Rudi Goussard (bestuurder: Beroepsgesondheid en Veiligheid) afgehandel.

Besoek is aan 98 persele gebring waarvan 56 meer as 91% ontvang het om vir 'n toekenning te kwalifiseer. Vloeibare Kunsmis is die toppresteerder met 98,22%, terwyl Econobuild Mafikeng die beste vordering getoon het.



Riaan Jansen van Vuuren (produksiebestuurder: Vloeibare Kunsmis), Jan Grobbelaar (operasionele direkteur) en Kobus du Bruyn (bestuurder: Vloeibare Kunsmis).

Vra jou makelaar dié vrae

'n Makelaar sal veel eerder 'n tevrede, goed ingeligte kliënt wil hê wat sy eie finansiële behoeftes verstaan, as 'n ongelukkige kliënt wat ontnugter is oor die diens wat hy ontvang het.

Goeie finansiële adviseurs of makelaars sal hul kliënte aanmoedig om vrae te vra. Kliënte word dus aangemoedig om die volgende vrae aan hul makelaars te vra:

- **Kan ek jou lisensie sien?**
  Finansiële adviseurs (makelaars) moet by die Finansiële Dienste Raad gelisensieerd wees.
- **Is jy gekwalifiseerd?**
  In terme van die FAIS wetgewing (Wet 53 van 1989) moet alle makelaars oor 'n kwalifikasie beskik – ervaring en informele kort kursusse word ook erken.
- **Het jy enige verwysings?**
  'n Verwysing van 'n tevrede kliënt is een manier om 'n goeie makelaar te kies.
- **Hoe gereeld gaan jy my besoek?**
  Direkte kontak tussen die makelaar en kliënt moet minstens eenmaal per jaar geskied. Veranderinge in die risikoprofiel van die kliënt kan tydens hierdie kontakte bespreek word.
- **Het jy 'n kontinuïteitsplan – iemand wat jou skoene kan volstaan?**
  Dit is belangrik om met 'n makelaar wat 'n goeie ondersteuningsnetwerk het, besigheid te doen.
- **Met watter versekeraar deel die makelaar?**
  Maak seker dat die makelaar met erkende versekeraars kontrakte het.
- **Wat kos dit en wat is jou kommissie?**
  Koste maak saak en waarde vir geld word verwag. 'n Goeie makelaar sal aan sy kliënt verskeie opsies bied sodat hy self kan besluit watter koste en voordele hom die beste pas. Kommissie word deur die Versekeringswet gereguleer.
- **Hoekom is hierdie produk reg vir jou?**
  Die produk moet in die kliënt se behoeftes voorsien. Maak dus seker dat jy die polisterme, beperkings en eiseprosedures verstaan.

Instandhoudingswerk

Dit is nóú die tyd om instandhoudingswerk aan geboue se dakke te doen. Verwyder herfsblare uit geute om verstoppings te voorkom wanneer dit reën.

Opti Feeds slaag ISO 9011-oudit

Ná Opti Feeds se SABS 9001-2008-sertifisering in 2010 is hul eerste jaarlikse oudit op 9 Junie 2011 gedoen, met baie goeie resultate en positiewe terugvoer van die SABS. Ten tye van hierdie oudit is daar bewys dat:

- die Maatskappy na twaalf maande nog aan al die ISO 9001-standaarde asook statutêre wette, regulasies en vereistes voldoen;
- die kwaliteitbestuurstelsel funksioneel en effektief bestuur word;
- alle afwykings, tekortkominge en behoeftes geïdentifiseer word; en
- daar deurlopende verbetering asook groei is.

Hierdie resultate is dus 'n aanduiding dat die bestuur en werknemers die stelsel hul eie gemaak het, dit bedryf en as 'n hulpmiddel beskou om 'n positiewe bydrae tot die groei van Opti Feeds te lewer. Dit dra alles op die ou einde by tot 'n beter, bekostigbare produk en om klantetevredenheid in die mark te verseker.

Lichtenburg red hul damme

Die gemeenskap van Lichtenburg is alreeds 'n geruime tyd besig om die twee damme in Lichtenburg skoon te maak. Die doel van dié aksie is om die damme weer 'n lus vir die oog te maak en ook sodat die publiek die dam kan benut vir onder andere watersport en visvang. NWK het gedurende Junie 2011 'n bossiekapper aan Chris Breedt (projekleier) geskenk om die riete in die twee damme mee af te sny. Die damme vertoon reeds baie skoner.

Nuwe gesigte by NWK

Gert Nel het op 1 Augustus by NWK aangesluit as finansieringsbestuurder: Fasilitering. Gert is in beheer van die finansieringskonsultante en -analiste, waar alle kliënteskakeling gesetel is.

Jaco Smit is op 1 Augustus aangestel as bestuurder: Verkope by Opti Feeds, die pos wat voorheen deur Fouché Langenhoven beklee is.

Willie Benson is op 1 September aangestel as bestuurder: Produksie op Boschpoort – Opti Chicks se grootmaak- en produksieafdeling wat in die Ottosdal-distrik geleë is.

Insetkoste vir 2011/12-produksieseisoen

Die produksiekoste van gewasse vir die nuwe produksieseisoen is bereken en stygings is oor die algemeen meer as 10%. Aan die ander kant word 'n beter produsenteprys vir produkte verwag, teenoor verlede jaar se donker vooruitsigte, wat oor die algemeen beter gerealiseer het.

Vir die begrotings is 'n rentekoers van 11% gebruik terwyl diesel teen 'n gemiddelde pompprys van R10,84/liter gebruik is. Verskansingskoste is vir 70% van die oes bereken teen 'n gemiddelde opsiekoste van R180/ton vir mielies en R450/ton vir sonneblom. Die beplanningsopbrengste is soos aangedui in Tabelle 1 en 2.

Produksiekoste: droëlandmielies

Die begrote koste vir die 2011/2012-produksieseisoen word aangedui in **Tabel 1**. Die totale veranderlike koste, sonder verskansingskoste, beloop R4 469/ha vir 'n produksiemikpunt van 4,5 ton/ha in die Koster-omgewing. Die ander streek wat hier aangedui word, is 3,5 ton/ha vir die Lichtenburg/Delareyville-omgewing (R3 560). 'n Verwagte Safex-prys van R1 650/ton is gebruik, wat 'n produsenteprys van R1 359/ton sal realiseer nadat die vervoerdifferensiaal, hantering- en opbergingskoste asook makelaarsfooie verreken is. Indien hierdie prys realiseer teenoor die begrote veranderlike insetkoste, moet die produsent 'n minimum van 3,29 ton/ha in die Koster-omgewing stroop om met veranderlike koste gelyk te breek. Wanneer verskansingskoste en vaste koste bygereken word, gaan die gelykbreek 4,36 ton/ha wees. Produsente moet besef dat hierdie gelykbreekopbrengs nie voorsiening maak vir grondhuur of lewenskoste nie.

	KOSTER	*LTX/DLY
Begrote opbrengs (ton/ha)	4,50	3,50
Veranderlike insetkoste (R/ha)		
Saad	R516	R459
Kunsmis	R1 715	R1 151
Onkruid en plaag	R264	R264
Inset- en haelversekering	R238	R185
Brandstof	R801	R699
Herstel en onderhoud	R508	R455
Rente	R292	R231
Losarbeid	R135	R116
Δ INSETKOSTE VOOR VERSKANSING (R/ha)	R4 469	R3 560
Produkprys (R/ton)	R1 359	R1 359
Gelykbreekopbrengs/ha op Δ koste	3,29	2,62
Gelykbreekprys/ton op Δ koste	R993	R1 017
Verskansingskoste	R567	R441
Vaste koste	R890	R890
TOTALE BEDRYFSKOSTE (R/ha)	R5 926	R4 891
Gelykbreekopbrengs/ha op totale bedryfskoste	4,36	3,60
Gelykbreekprys/ton op totale bedryfskoste	R1 317	R1 397

Tabel 1: Veranderlike insetkoste vir mielies (2011/2012).

**** LTX (Lichtenburg) DLY (Delareyville)*** *Δ Veranderlike*

Produksiekoste: droëlandsonneblom

Die begrote koste vir die 2011/2012-produksieseisoen word in **Tabel 2** uiteengesit. Die totale begrote veranderlike insetkoste vir die Koster-omgewing met 'n beplanningsopbrengs van 2 ton/ha, is R2 991/ha. 'n Verwagte Safex-prys van R4 150/ton is gebruik, wat min of meer R3 785/ton in die produsent se sak beteken nadat die vervoerdifferensiaal en hantering- en opbergingskoste asook makelaarsfooie verhaal is. Indien hierdie prys realiseer teenoor die begrote veranderlike insetkoste, moet die produsent 'n minimum van 0,79 ton/ha in die Koster-omgewing stroop om gelyk te breek en 0,71 ton/ha vir Lichtenburg/Delareyville. Die gelykbreek verhoog na 1,19 ton/ha vir die Koster-omgewing wanneer verskansingskoste en vaste koste bygereken word en 1,07 ton/ha vir Lichtenburg/Delareyville.

	KOSTER	*LTX/DLY
Begrote opbrengs (ton/ha)	2,00	1,50
Veranderlike insetkoste (R/ha)		
Saad	R241	R241
Kunsmis	R935	R815
Onkruid en plaag	R114	R114
Inset- en haelversekering	R252	R123
Brandstof	R742	R730
Herstel en onderhoud	R443	R438
Rente	R198	R176
Losarbeid	R66	R60
Δ INSETKOSTE VOOR VERSKANSING (R/ha)	R2 991	R2 697
Produkprys (R/ton)	R3 785	R3 785
Gelykbreekopbrengs/ha op Δ koste	0,79	0,71
Gelykbreekprys/ton op Δ koste	R1 496	R1 798
Verskansingskoste	R630	R473
Vaste koste	R885	R885
TOTALE BEDRYFSKOSTE (R/ha)	R4 506	R4 055
Gelykbreekopbrengs/ha op totale bedryfskoste	1,19	1,07
Gelykbreekprys/ton op totale bedryfskoste	R2 253	R2 703

Tabel 2: Veranderlike insetkoste vir sonneblom (2011/2012).

**** LTX (Lichtenburg) DLY (Delareyville)*** *Δ Veranderlike*

Gevolgtrekking

Produkpryse is vanjaar op 'n heelwat positiewer vlak as verlede jaar dieselfde tyd. Die koste het in die geval van mielies met gemiddeld 12,09% toegeneem en sonneblom se insetkoste met gemiddeld 23,9%. Teen hierdie tyd word dit aanvaar dat nie die prys of die opbrengs 'n gegewe is nie. Dus bly dit belangrik om die aspekte wat beheer kan word, so goed moontlik te beheer.

Navrae oor genoemde en ander beplanningsopbrengsyfers kan aan Michael van Rooyen en Barbara Willemse (landbou-ekonome: Landboubestuursdienste) gerig word by (018) 633-1145, of stuur 'n e-pos na *barbara@nwk.co.za* of *michael@nwk.co.za.*

Ontmoet ons silobestuurder - Mendus Grové van Delareyville

Ons stel in dié uitgawe vir Mendus Grové, 'n lojale Cheetah-ondersteuner, aan lesers bekend. Mendus is sedert 2002 die silobestuurder op Delareyville, die omgewing waar hy ook gebore is.

In April 1980 het Mendus besluit om die bankwese vaarwel te roep en by die destydse Noordwes Koöperasie op Delareyville aan te sluit, onder die wakende oog van oom Hennie Burgers. Hy blameer sy interessante handskrif op die feit dat hy op sy eerste NWK-werksdag 100 trokkaarte met die hand moes uitskryf.

Na sewe jaar se voorbereiding is hy in Mei 1987 as silobestuurder op Excelsior aangestel. Daarna het hy op Bossies, Geysdorp, Kleinharts en Gerdau Silo's in bestuursposisies gedien en uiteindelik teruggekeer na 'sy wortels' op Delareyville.

Mendus het op die plaas, Nooitgedacht, tussen Delareyville en Vryburg groot geword. Hy het sy laerskooldae in 'n plaasskooltjie, Laerskool Grootpan, naby Broedersput deurgebring en het in 1971 aan die Hoërskool Vryburg gematrikuleer. Hy en Bessie Young van Vryburg is in 1979 getroud en is geseën met drie kinders – Lizelle, Jano en Hendrik. Bessie is ook deel van die Graanspan by Barberspan Silo.

In sy vrye tyd geniet Mendus dit tussen sy diere op die plaas. As hy kon, sou hy graag sy eie gemengde boerdery wou bedryf. Hy hou ook van lees, kyk graag sport en geniet dit om saam met sy vriende en familie te kuier.

Die oesseisoen is vir hom 'n hoogtepunt omdat hy dit baie geniet om met die produsente en klante te kommunikeer. "Deur gereelde kontak met my produsente en klante glo ek dat probleme positief opgelos kan word," sê Mendus.

Volgens watter riglyne leef hierdie silobestuurder van Delareyville? "Ek wil altyd eerlik met myself en my medemens wees en in alle opsigte op my Hemelse Vader vertrou, al kom daar ook dae wat ek twyfel."

Direksievergadering

Die volgende Direksievergadering van 2011 vind op 9 November plaas.

Wenke vir produsente

Produsente moet nou aan die volgende aandag gee:

Gewasbeplanning

Terwyl die laaste gewasse tans geoes word, is dit reeds weer tyd om te fokus op die volgende produksieseisoen se gewasbeplanning. Besin oor watter gewasse in die wisselboustelsel aangeplant gaan word en gesels met kundiges oor insetbeplanning vir dié gewasse. Goeie gewasbeplanning is 'n voorvereiste vir suksesvolle produksie.

Lente-onkruid

Die afgelope seisoen was gekenmerk deur laat reënval wat tot voordeel van die opgegaarde grondwater in die profiel is. Dit het egter ook die opkoms van onkruid op die land bevoordeel en verskeie onkruide kom tans voor. Onkruidbeheer in hierdie tyd is belangrik, veral om grondwater te bewaar vir die volgende produksieseisoen. Pas effektiewe onkruidbeheer toe as deel van die bewerkingstelsel of as 'n chemiese oplossing.

Rig navrae aan dr Willem Otto (bestuurder: Navorsing, Landboubestuursdienste) by (018) 633-1143.

Veranderings versterk klantediens

Graanbemarking se klantebediening in die Koster- en Coligny-streke sal voortaan deur Deon Malan en Marcel Lombard behartig word. Deon is 'n bekwame graanhandelaar wat sedert 1999 in die graanmark betrokke is. Hy is tans hoofsaaklik verantwoordelik vir die bediening van NWK se klante in die Coligny-streek. Marcel is weer op die oomblik primêr verantwoordelik vir die bediening van 'n aantal klante van NWK se portefeuljebestuursdiens.

Lourens Els, wat verantwoordelik was vir Graanbemarking se klantebediening in die Koster-streek, is onlangs as besigheidsanalis by NWK aangestel, wat sy vorige hoedanigheid en gepaardgaande verantwoordelikhede vervang.

NWK vertrou dat die besigheidsverhoudinge met klante in die betrokke streke uitgebou en versterk sal word en dat klante sal baat by dié twee persone se kundigheid. Klante kan direk met Deon by (018) 633-1005 of Marcel by (018) 633-1293, by NWK Graanbemarking skakel.

Dié veranderings raak geensins bestaande verhoudinge tussen klante en van die ander kundiges in NWK se bemarkingspan nie en sulke klante is steeds welkom om daardie verhoudinge te handhaaf.

Baie dankie vir jou deelname

NWK wil graag sy klante en aandeelhouers bedank vir hul positiewe deelname rakende die klantediensnavorsing. Met julle deelname kon NWK binne ses weke terugvoer op 1 094 vraelyste bekom en die inligting verwerk. Nie minder nie as 18 verskillende fasette van NWK se besigheid, wat die filiale insluit, is in die proses nagevors. Daar sal nou toegesien word dat die inligting wat uit die navorsing verkry is, hetsy positief of negatief, die nodige aandag kry. Nogmaals dankie vir jou deelname aan die projek.

Begin beplan vir die plantseisoen

Met die stroopseisoen skaars agter die rug, maak produsente reeds gereed vir die naderende plantseisoen.

Produsente moet nou reeds herstelwerk aan hulle werktuie laat doen, sodat dit gereed kan wees vir wanneer die eerste reën val.

"Moenie eers tot Oktober of November wag voordat julle jul werktuie vir herstelwerk na die werkswinkels bring nie. Dan is daar gewoonlik 'n kapasiteitsprobleem en almal wil vinnig gehelp word," raai Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie) produsente aan.

"Onderdele moet ook vroegtydig bestel word – as jy dit nie nou kan betaal nie, tref 'n reëling dat jy dit in Oktober of November afhaal en betaal, maar bestel dit betyds. Produsente weet self in watter sikliese bedryf ons is en dit is vir ons moeilik om vooraf te bepaal hoeveel en watter soort onderdele produsente vanjaar gaan nodig kry."

Bêre jou stroper só

Piet gee ook die volgende wenke vir produsente wat reeds klaar gestroop het en hul stropers tot volgende seisoen moet bêre:

- Trek jou stroper onder 'n dak – veral sleepstropers wat baie dryfbande en *pulleys* het en deur die son beskadig kan word. Selfaangedrewe stropers is duur masjiene en 'n mens wil nie onnodige water in sensitiewe dele inkry wat roes kan veroorsaak nie. Maak seker dat daar nêrens enige plantreste in die stroper is nie.
- Smeer ou olie aan roesplekke.
- Doen nou reeds herstelwerk aan stropers – teen strooptyd volgende jaar het jy reeds vergeet van vanjaar se foute en probleme en kan dit jou onnodige staantyd kos.

"Party produsente sê hulle sal wag en sien hoe die dinge vorentoe gaan lyk voordat hulle besluit om te plant," sê Piet. Dit is egter 'n strategie wat maklik 'n rooi gesig kan laat. Beplan liewer nou en neem sekere beginselbesluite. Kry die planters in orde – kettings, tandratte, laers, kouters, hidrouliese pype en verbindings kan nou reeds nagegaan word.

Bestel saad vroegtydig

Produsente word herinner om bestellings vir somersaad vroegtydig te plaas. Daar kan vermoedelik 'n tekort ontstaan by veral die BT- en Roundup Ready geelmieliesaad. Waar produsente sekere pitgroottes verkies, is dit altyd raadsaam om betyds te bestel sodat hulle hul voorkeur-kultivar en pitgroottes kan ontvang.

NWK Saad sal soos altyd 'n groot verskeidenheid voer en weidingsaad van alle bekende saadmaatskappye beskikbaar hê vir die somerseisoen wat voorlê en onderneem om dit wat nie in voorraad is nie, te bestel. NWK se handelswinkels het ook verskeie tipes saad in voorraad en produsente kan hul bestellings ook daar plaas.

Kontak gerus NWK se Saadafdeling by (018) 632-3023 vir meer inligting.

Bevorder

Riaan Jansen van Vuuren (voorheen tegniese operateur) beklee sedert 1 Julie die pos van produksiebestuurder: Vloeibare Kunsmis.

'n Nuwe bedeling vir Mareetsane

Met die bedanking van Giel Lombaard (winkelbestuurder: Mareetsane) is besluit om nie weer die pos te vul nie.

Die verkope van heelgoedere – trekkers, implemente en stropers – sal voorlopig vir New Holland-toerusting vanaf Lichtenburg hanteer word en vir Case/Northmec-toerusting, vanaf Delareyville of Ottosdal.

By die onderdele-afdeling en werkswinkel sal sake egter soos voorheen bedryf word. Dié nuwe bedeling sal fyn dopgehou word om te verseker dat klante die diens kry wat hulle verdien en die nodige aanpassings sal gemaak word. Hierdie verandering is op 6 Augustus volledig deur Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie) tydens 'n vergadering van die plaaslike boerevereniging aan produsente verduidelik.

Bouwerk vorder flink

Die Petit Veevoere-winkel in Benoni (Johannesburg) is besig om na 'n NWK LandMark-winkel omgeskakel te word. Die oorspronklike winkel is vergroot en die vloere, plafonne en beligting is ook opgegradeer. Volgens Pieter Coetzer (bestuurder: Kleinhandel) vorder bouwerk volgens skedule en behoort die winkel teen middel-September as 'n LandMark-winkel te kan handel dryf.



Petit is amper gereed om as 'n NWK LandMark-winkel te open.

Bemagtiging vir 'n blinker toekoms

Ikateleng (die Tswana-woord vir "bemagtig jouself") is 'n program wat die Noordwes-Universiteit (NWU) reeds vir 23 jaar met groot sukses bedryf. Die doel van hierdie program is om leerders voor te berei vir universiteitsopleiding en om hulle te help om aan die toelatingsvereistes te voldoen.

Hierdie program het verlede jaar die toekenning van die Noordwes-Universiteit gekry as die mees uitnemende program ten opsigte van gemeenskapsbetrokkenheid en NWK het besluit om, as deel van hul sosiale verantwoordelikheid, ook betrokke te raak en 126 leerders te borg. Die uitgawes verbonde aan hierdie program is onder andere vir reiskoste, *honoraria* aan onderwysers, 'n goeie maaltyd elke Saterdag, studiemateriaal en toekennings met die afsluiting.

Graad 10-, 11- en 12-leerders uit verskeie skole word elke jaar geïdentifiseer om aan dié program, wat vanaf die eerste Saterdag ná die April-vakansie tot aan die einde van Augustus strek, deel te neem. Tydens die laaste dag word donateurs en ouers na 'n afsluitingsgeleentheid genooi en die beste leerder in elke vak word met 'n kontantprys beloon. Daar is ook 'n prys vir die algehele wenner. Die beplande doelwit is om 40% van hierdie leerders te laat inskryf as eerstejaars by enige van die drie kampusse.

Tans word die program op elkeen van die Noordwes-Universiteit se drie kampusse bestuur. Verlede jaar was die slaagpersentasie soos volg: Vanderbijlpark 89%, Potchefstroom 93% en Mafikeng 90%. Hierdie program dra die goedkeuring weg van die Onderwysowerhede in die Noordwes Provinsie en die LUR vir Onderwys het die universiteit verlede jaar gelukgewens met die program en prestasies.

Multirisiko-versekering

Multirisiko-versekering: Kry jou langtermyn-oesstatistiek en -grondontledings gereed vir die 2011/2012-plantseisoen.

NWK verryk tuiniers se lewens

Lichtenburg Tuinbouvereniging het 'n behoefte geïdentifiseer en besluit om 'n werkswinkel aan te bied om tuiniers beter op te lei in die versorging van 'n tuin. 'n Praktiese opleidingsdag vir tuiniers, in samewerking met NWK, is op 14 Junie aangebied.

Die onderwerpe wat hanteer is, is die gebruike, hantering en versorging van tuingereedskap, bemesting, besproeiing, seisoenale tuinmaak en tuinsorg, algemene snoeiwerk met die oorgang van seisoene asook die verdeling en verplanting van plante. Die kursus is deur Agust Schnepel (tuinboukundige) aangebied met die hulp van 'n Tswana-tolk wat die nodige vertaling gedoen het. Die doel van dié opleidingsgeleentheid was om die tuinier se kennis en vaardighede te verhoog en om hom te bemagtig.

Elk van die 25 tuiniers het na afloop van die kursus 'n sertifikaat ontvang asook 'n geskenkpak van NWK wat onder andere tuingereedskap en 'n reënbaadjie ingesluit het.

Agust Schnepel en lede van die tuinbouklub saam met die 25 tuiniers wat die opleidingsdag bygewoon het.

Jong mense maak Ottosdal skoon

Die jeug in Letsopa, Ottosdal, het besluit 'genoeg is genoeg' en het met 'n skoonmaakaksie begin. Linda Taljaard (DA raadslid, Ottosdal) is genader om hulle behulpsaam te wees en tree ook op as die groep se beskermvrou. Hulle noem hulself die *Graveyard Cleaners* en die aksie se naam is *Let's Fight Poverty*. Die groep jeugdiges is ook besig met 'n vullisherwinningsprojek vir 'n inkomste.

NWK is genader om hulle te help met die voorsiening van tuingereedskap om die skoonmaakaksie van stapel te stuur. Gereedskap en klerasie soos veiligheidskoene, rubberhandskoene, pikke, tuinharke, spitgrawe, 'n gifspuit en kruiwaens is aan die groep geskenk. Die projek is tans volstoom aan die gang en is 'n bewys dat 'n mens nie moet wag om iets te laat gebeur nie, maar om eerder self die bal aan die rol te sit.

Lani Viljoen (bemarkingsassistent: Korporatiewe Bemarking) wens die groep sterkte toe met hul projek.

Wie's wie in NWK
- Ontmoet vir Dries van Tonder

Dries van Tonder

Dries van Tonder wat homself as vriendelik, avontuurlustig en toegewyd beskryf, is op 1 Julie in die pos Groepbestuurder: Interne Oudit aangestel.

Hy het in Klerksdorp groot geword en aan Hoërskool Schoonspruit gematrikuleer. Ná skool het hy sy BCompt-studies aan die Universiteit van die Vrystaat voltooi en later 'n BCompt(Hons)-graad en sy Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde (STR) deur Unisa verwerf. In 1998 het hy sy klerkskap by PricewaterhouseCoopers op Lichtenburg voltooi. Hy het as senior ouditklerk aangebly en sy GR(SA)-kwalifikasie behaal en tot assosiaat-direkteur gevorder.

Sy nuwe pos by NWK behels onder andere die ontwikkeling, onderhoud en implementering van 'n risikogebaseerde ouditbenadering en die implementering van 'n gekombineerde ouditfunksie.

Daarby moet terugvoer aan die Oudit- en Risikokomitee gegee word en verseker word dat die interne kontrolestelsels voldoende is sodat die organisasie se doelwitte op 'n doeltreffende, effektiewe en koste-bewuste wyse bereik word.

Vir Dries is die grootste uitdaging van sy nuwe pos om die praktyke en metodes van hoe interne oudit by NWK toegepas was, te verander sodat dit by die nuwe vereistes van korporatiewe bestuur aanpas. Dit sluit 'n vars oorsig in van watter kontroles krities is vir die hele organisasie en die oudit daarvan. Daarmee saam is daar ook die ontwikkeling van 'n professionele departement wat 'n bydrae kan lewer om die Groep meer effektief te maak. Dries glo jy moet jou werk só kan beplan dat jy jou werk geniet, maar ook jou doelwitte bereik.

Dries en sy vrou, Anasta, het twee dogters, Anri en Leanne. Dié Blou Bul-ondersteuner is 'n man wat van spoed hou en het 'n swakheid vir motorfietse en hoë-werkverrigting motors.

Koördinaat-kompetisie

'n Gelukkige leser kan dié Cadac skottelbraai ter waarde van R600 wen. Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Wie is NWK se nuwe Groepbestuurder: Interne Oudit?**

Inskrywings

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Lani Viljoen, NWK Korporatiewe Bemarking, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Jy kan ook 'n faks na (018) 633-1931 of e-pos *lviljoen@nwk.co.za* stuur. Inskrywings moet Lani voor of op 10 Oktober 2011 bereik. Jy kan ook die inskrywingsvorm by www.nwk.co.za invul.

Vorige wenner

Baie geluk aan Bertus van Niekerk van Lichtenburg wat die Russel Hobbs diepvetbraaier ter waarde van R500 in die Julie-kompetisie gewen het.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

_____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

Reëls

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – *geen NWK-personeel nie.*
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK-bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.
6. Die prystrekking word deur Pricewaterhouse-Coopers op Lichtenburg behartig.

Só verhandel NWK-aandele

Dié aandele van NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het vanaf 1 Junie 2011 tot 31 Julie 2011 só verhandel:

NWK Beherend Beperk

Aantal	*Prys per aandeel*
3 656	R4,20
30 000	R4,22
1 940	R4,30
5 000	R4,32
97 550	R4,35
1 500	R4,37
2 000	R4,39
10 000	R4,43
256 613	R4,50
408 259	

NWK Beperk

Aantal	*Prys per aandeel*
2 438	R4,65
8 632	R4,66
425	R4,70
52 138	R4,80
42 725	R4,81
106 358	

Belangstellende aandelekopers en -verkopers kan Sekretariaat by (018) 633-1487/ 1159/1089/1158 skakel.

KOÖRDINAAT

Koördinaat is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Korporatiewe Bemarking deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.

REDAKSIE
Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Lani Viljoen (018) 633-1069 • Faks: (018) 633-1931 • *lviljoen@nwk.co.za*
Louise Kunz (018) 632-0565 • 079 084 2320 • *louise@infoworks.biz*

UITGEWER
Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

Alle regte van *Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.